

Woensdag 17 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 26:24-32; HK Sondag 7, Vraag 21

Fokusgedeelte: Handeling 26:27

'n Ware geloof? Nie historiese geloof nie

Voordat besin word oor wat 'n ware geloof is, word eers aandag gegee aan drie vorms van geloof wat vir sommige na ware geloof mag lyk, maar wat in werklikheid ongeloof is. Dit is historiese geloof, tydgelooft en wondergelooft.

Die eerste van die drie is historiese geloof. Historiese geloof is geloof wat net uit kennis van God en sy Woord bestaan, sonder enige betrokkenheid van die persoon by en vertrou op God Self. Bowendien is dit 'n kennis wat 'n mens se hart koud laat, soortgelyk aan die kennis dat $2 \times 2 = 4$. Iemand wat so 'n historiese geloof gehad het, was koning Herodes Agrippa. Paulus sê immers van hom: *“Koning Agrippa, glo u die profete? Ek weet u glo”* (Hand. 26:27). Agrippa is in Rome opgevoed. Later is hy deur die keiser as koning aangestel oor 'n groot deel van Palestina. Aan hom is ook die reg gegee om die hoëpriester vir die Jode aan te stel. Om die simpatie van die Jode te wen, het hy besondere belangstelling in hulle godsdiens getoon.

Uit Paulus se vraag en opmerking kan afgelei word dat Agrippa goed op hoogte was met die Ou Testament en wat met Christus en die Christene gebeur het (Hand. 26:26). Meer as 'n bloot verstandelike kennis was dit egter nie. Daarom weier hy om 'n Christen te word. Sy geloof was niks anders nie as 'n historiese geloof.

Hierdie soort geloof word aangetref by mense wat sê dat hulle weet God bestaan, dat hulle weet van Christus se kruisiging en soen-verdienste, dat hulle weet van die verderf vir die goddelose, dog hierdie kennis verbly of ontstel hulle nie. Hulle kennis van Jesus as Saligmaker bring hulle nie tot 'n ware liefde vir Hom nie. Net so bring hulle beweerde geloof in God hulle nie tot gehoorsaamheid aan sy wil nie. In werklikheid raak alles wat hulle van die Vader en die Seun en die Heilige Gees weet, hulle glad nie.

In die reël is dit met die historiese-gelowige slegter gestel as die bese geeste, want in Jakobus 2:19 word gesê dat die bese geeste ook kennis van God het en dat hierdie kennis hulle laat sidder van angs, maar by die historiese-gelowige is dit nie eers die geval nie. Sulke mense is miskien in 'n Christelike huis opgevoed, hulle het miskien baie Bybelkennis opgedoen, maar hulle is nie geleer of het nie geleer wat dit beteken om God van harte lief te hê en om Christus met besieling te dien uit dankbaarheid vir die verlossing van die sonde en die dood wat Hy vir ons bewerk het nie.

In die lig hiervan kan 'n mens verstaan dat die Duitse filosoof, Friedrich Nietzsche, wie se vader 'n predikant was en wie se moeder uit 'n geslag van predikante kom, uiteindelik daartoe gekom het om die Christelike geloof heeltemal te verwerp. 'n Mens kan maar net bid dat God sulke mense betyds tot ander insigte sal bring.